# Ferndale Kidz

2025/2324246/07

Tel 072 689 8106
WhatsApp 083 529 2076

info@ferndalekidz.co.za

Demeter str 17
Ferndale
Brackenfell
7560

---

## ALGEMENE INLIGTING EN REELS

**1. AANSOEK:**

**1.1** Die aansoekvorm moet deur die ouer/voog voltooi en onderteken word. Slegs kinders tussen die ouderdom van 3 maande -5 jaar word toegelaat.

**2. FOOIE:**

R3025 per maand (voldag)
R2640 per maand (halfdag)(6h00-12h00)
R300 per dag (half of voldag)
R5900 per maand 2 x kinders
Registrasie fooi R500 nie terugbetaalbaar nie

**2.1 BETALINGSBESONDERHEDE:**

Bankbesonderhede vir elektroniese oorplasings is soos volg: Rekening naam: **Ferndale Kidz**, **Capitic Business**, Rekeningnommer **1053323638**. Gebruik asb u **kind se naam as verwysing**.......**SLEGS EFT'S GEEN KONTANT**. Stuur **POP** na **info@ferndalekidz**.co.za

**2.2** Gelde is betaalbaar vir **12 maande** en maandeliks **vooruitbetaalbaar** en moet voor of op die **LAASTE dag** van elke maand betaal word. Indien enige persoon wel besoldiging eers na die laaste dag van die maand kry moet dit onder ons aandag gebring word.

**2.3** Die **volle tarief** is betaalbaar tydens siekte en vakansie.

**2.4** **Een (1)** kalender maand skriftelike kennis moet gegee word indien u, u kind/ers uit Ferndale Kidz gaan haal. Geen kennis sal aanvaar word na Oktober nie.

**3. TYE:**

Maandae tot Vrydae: 06h00 – 18h00
'n Boete van R50 sal gehef word indien na 18h00 afgehaal word.

**4.** U word vriendelik versoek om alle persoonlike besittings duidelik te merk, aangesien Ferndale Kidz nie verantwoordelik gehou kan word vir enige persoonlike besittings wat wegraak nie.

**5.** Alhoewel Ferndale Kidz goed na u kind sal omsien, kan Ferndale Kidz nie aanspreeklikheid aanvaar vir enige beserings wat u kind(ers) op die perseel mag opdoen nie. Ferndale Kidz sal ook nie aanspreeklikheid aanvaar vir enige mediese onkostes in die geval van beserings nie.

**6.** U word versoek om Ferndale Kidz so spoedig moontlik in kennis te stel in die geval van verandering van adres en telefoonnommers (tuis of by die werk), aangesien Ferndale Kidz dit benodig vir noodgevalle. **Heg asb afskrifte van moeder en vader se ID en Kliniek kaart** aan.

**7.** Maak asseblief seker dat alle hekke agter u toegemaak is wanneer u die kind(ers) aflaai of kom haal. Kom haal u kind(ers) persoonlik af. U word ook ingelig dat u kind(ers) aan geen vreemdeling afgestaan sal word nie. Indien iemand anders wel u kind(ers) kom afhaal, moet Ferndale Kidz skriftelik/telefonies daarvan in kennis gestel word.

**8.** Alle maaltye word voorsien behalwe indien u baba op formule melk is, moet u asseblief die nodige melkpoeier verskaf en u moet die middag snack saam stuur. Bottels vir babas sal deur Ferndale Kidz voorberei word of soos u verkies om dit self te doen.

**9.** Enige kind met 'n aansteeklike siekte sal nie toegelaat word om die skool by te woon nie. Ferndale Kidz moet asseblief onmiddellik in kennis gestel word indien u kind siek is.

Kinders met die onderstaande **siekte/s** sal nie in die skool toegelaat word vir die ooreenstemmende tydperke nie:
**Gastro-enteritis - 24 uur na laaste stoelgang of opgooi**
**Kinkhoes - 7 to 14 dae of 'n mediese sertifikaat**
**Masels - 7 dae na eerste merk**
**Duitse Masels - 5 dae na eerste merk of mediese sertifikaat**
**Pampoentjies - 10 dae na swelsel afsak**
**Waterpokkies - 14 dae na eerste merke of mediese sertifikaat**
**Geelsug - 14 dae nadat dit begin het**
**Herpes - 8 dae nadat dit begin het**
**Oog infeksies - 3 tot 5 dae**
**Mangelontsteking - 5 dae of mediese sertifikaat**
**Covid-19 - 14 dae met 'n mediese sertifikaat**

Indien u kind medikasie het moet dit nie in sak gelos word nie, u moet dit aan toesighouer gee en u moet die toestemmingsvorm asb invul. Sonder die toestemmingsvorm kan ons ongelukkig nie medikasie toedien nie.

Indien kind/ers allergies is vir sekere dinge moet dit onder die aandag van Ferndale Kidz gebring word.

**10.** Geen besoekers sal toegelaat word nie. Voel asseblief vry om enige tyd van die dag die skool per telefoon te kontak 072 689 8106 indien nodig.

**11. Vakansies:**

Ferndale Kidz sal toe wees op Publieke Vakansie dae.

Ferndale Kidz is oop tydens skool vakansies en sluit slegs in Desember/Januarie vir 3 weke.

**12. DIE VOLGENDE ITEMS MOET U BABA(S) /KIND(ERS) VERGESEL:**

2 x stelle klere
1 x kombersie
1 x blik melk of gewone koei melk soos benodig p/m
Borslappe soos benodig p/dag (vier op die minste)
1 x fopspeen (indien die baba een gebruik wat by Ferndale Kidz bly)
Weggooidoeke vir babas soos benodig p/m
Pull-ups vir potty trainers soos benodig p/m
2x stelle eie beddegoed-kussingsloop,paslakens,receivingblanket vir babas in kotte
2x stelle matrasoortreksels (mates 120cm by 60cm) GEEN kussings
2 x bottels wat by Ferndale Kidz bly indien verkies of elke dag 2 bottels in baba se sak
Groter kinders 'n yoghurt per dag of snack en slegs op Vrydae lekkers of chips

Maandeliks benodighede:
Wetwipes
Tissues
Handdoekrol
5 liter water (slegs elke 3de maand)

Skryfbehoeftes Jaarliks:
A5 Hardeband boodskapboekie
1 x riem A4 kopieër papier
Uitdraai potlode (3-5 jariges)
Vetkryt (2 jariges)
Pritt
Skêr (3-5 jariges)